**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 6: DIE VAKWETENSKAP EKONOMIE (2)** (Positiewe en normatiewe stellings, die wetenskaplike metode, teorië en modelle, plasing in ekonomiese wetenskappe, verhouding met ander wetenskappe) ***MEMORANDUM***

*Die onderstaande vrae verwys na die ekonomie van Ipana wat in werkopdrag 5 voorkom.*

’n Ekonoom wat by ’n ondersoek van die ekonomiese vooruitsigte van Ipana betrokke was, maak die volgende stellings: Die ondersoek het (a) net gefokus op die invloed van die weer op landbouproduksie – produksiekostes is nie in aanmerking geneem nie. Die (b) waarde van die totale landbouproduksie is 2 miljard Ipa, maar (c) dit behoort eintlik 4 miljard Ipa te wees. Die ondersoek bewys dat die (d) staatsdepartemente 1 miljard Ipa se landbouproduksie opneem.

**1 Watter beginsel van ekonomiese ondersoek is in (a) toegepas?**

Die ceteris paribus-beginsel.

**2 Watter van die stellings van (b) tot (d) is positiewe stellings en watter is normatiewe stellings?**

(b) Positief (c) Normatief (d) Positief

Die ekonoom wat die ondersoek na landbouproduksie op Ipana gelei het, het finansiering vir die ondersoek gekry deur vir die regering duidelik te maak dat die vertrekpunt van die studie die (a) verband tussen die klimaat en landbouproduksie is. Die inligting wat in die ondersoek versamel is, is (b) in tabelvorm uiteengesit. Na ontleding is (c) die bevindings in die vorm van grafieke voorgestel. In die verslag wat uitgebring is, het die ekonoom bygevoeg dat dit duidelik is dat die boere in die algemeen (d) nie kennis het om die plase effektief te bestuur nie en dat dit ook (e) nie vir hulle moontlik is om hulle wins presies te bepaal nie. Die verslag is (f) op die internet beskikbaar gestel.

**3 Watter stap in die wetenskaplike navorsingsproses kom by (a) en (b) voor?**

(a) Formulering van die probleem.

(b) Rangskikking van die data.

**4 Wat is die nut daarvan om die bevindings grafies voor te stel (c)?**

’n Grafiese voorstelling is visueel en verbeter begrip van die feite.

**5 Watter vakwetenskappe kan die boere help met betrekking tot die probleme wat in (d) en (e) genoem word?**

(d) Besigheidstudies. (e) Rekeningkunde.

**6 Watter wetenskap is by (f) betrokke?**

Informasietegnologie